NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos



Jaargang 16 – Uitgawe 19
8 Junie 2023

# Wat jy saai, sal jy maai

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Met Pinkster stuur God 'n Helper vir die gemeenskap van gelowiges. Ons glo en bely hierdie Helper is die Heilige Gees – God met ons! Ons glo dat die gemeenskap van gelowiges die kerk van Christus is.**

Wanneer ons die woordjie *kerk* in 2023 hoor, gaan daar verskillende gedagtes in verskillende mense se gemoed op. Op my hart lê die kerk van Christus. In my gedagtes woel my denke oor die kerk van Christus. Ek wonder hoe die Helper in my, my gedagtes oor die kerk van Christus vorm, of laat ek toe dat die wêreld en my behoeftes as aardse mens my gedagtes oor kerk van Christus vorm?

Ek glo en bely dat die Hervormde Kerk deel is van die kerk van Christus. Ek glo en bely dat my gemeente deel is van die kerk van Christus. Ek bid, lees, dink en praat graag oor die kerk. Die kerk is immers my geestelike moeder. Ek glo en bely dat die kerk 'n lewende steen is waarmee God sy koninkryk in hierdie stukkende wêreld bou. Daarom het ek in die laaste tyd twee insiggewende artikels van Tom Rainer, hoof- uitvoerende beampte van Church Answers, gelees: *The one big reason church attendance is declining* en *Nine microstresses of a pastor*. Ek het ook vir 'n tweede keer dié aangrypende boekie van prof Kobus Kok gelees: *Ja vir God, nee vir die kerk?*

Dan vat ek my Bybel en ek lees oor die kerk van Christus. Paulus het so baie gebid vir gemeentes en kosbare advies gegee. In sy briewe het hy nie geskroom om oor die uitdagings van die kerk van sy tyd te praat nie, maar Paulus het sy lewe gegee vir die Heer van die kerk. Elkeen van Paulus se briewe word met passie en oorgawe geskryf. Hy skroom nie om van sy eie ellende te vertel nie, maar dit gaan nie oor hom nie. Hy is die voorbeeld van hoe ons te midde van en ten spyte van ons uitdagings steeds vorentoe kan beur. Paulus se oë was altyd gerig op die wenpaal, en daarom kon hy met blydskap voortgaan om aan die gemeenskap van gelowiges lewensbelangrike toerusting te gee.

Ek wonder of ons nie te vinnig kla oor 2023 se uitdagings en beproewings nie. In 2 Korintiërs 11: 23-27 lees ons van Paulus se uitdagings: harde werk, hy was dikwels in die tronk, hy is meer dikwels geslaan, dikwels in doodsgevaar, vyf keer het die Jode hom 39 houe geslaan, drie maal lyfstraf, 'n keer met klippe gegooi, drie maal skipbreuk, een maal het hy dag en nag op die oop see deurgebring, op reis was daar gevare van riviere, rowers, volksgenote, heidene, en gevare in die stad en gevare in die veld, gevare op see en gevare onder vals broers, nagte sonder slaap, honger, dors, sonder skuiling. Behalwe dit alles was daar nog die daaglikse bekommernisse, die besorgdheid oor al die gemeentes.

Aan die einde van Paulus se brief aan die Galasiërs gee hy advies aan die kerk. Hy skryf dit met sy eie hand, die boodskap kom uit sy eie geloofsoortuiging. In die eerste plek moet die gelowiges van vooraf leer om mekaar se swaarkry op hul eie skouers te dra. Vir mense van vandag beteken dit die doodmaak van die eie ek, ek maak plek vir ons. Ons word weer 'n familie van God. Hiervoor sê Paulus is dit ook nodig dat ons gereeld selfondersoek sal doen. Aan die einde herinner hy alle gelowiges van alle tye en in alle omstandighede: *Wat jy saai, sal jy maai*.

**Dr JG (Hannes) Janse van Rensburg, Zuurfontein**
**SGB: Interimfasilitering**

## Lief en leed



Mnr Louis la Grange

- Ds Hennie la Grange van Kampersrus se vader, **mnr Louis la Grange** (84), is Maandagnag 29 Mei oorlede. Hy was nie werklik siek nie, maar het die afgelope drie jaar stelselmatig agteruitgegaan, en feitlik glad nie meer geëet nie. Die roudiens vind plaas op Vrydag 9 Junie om 12:00 vanuit Gemeente Primrose-Oos, en sal gelei word deur dr Wimpie van Schoor. Mnr La Grange sou op 9 Junie sy 85ste verjaardag gevier het. Ons innige simpatie gaan aan sy vrou, Maureen, ds Hennie en Susan la Grange, en die drie kleinkinders Christine, Marilie en Mari-Roleen.

- Mev Wilna Gates (voorsitter van die ADV) se moeder, **mev Alida van der Merwe** (née De Lange) (90), is Saterdagoggend 3 Junie oorlede nadat haar organe ingegee het. Haar begrafnis vind plaas op Donderdag 8 Junie om 14:30 in Krugersdorp-Wes. Wilna het ook in Januarie vanjaar haar man, George, aan die dood afgestaan nadat hy 'n hartaanval gehad het. Ons innige simpatie gaan aan Wilna en hul familie.

- **Die volgende predikante verjaar tot 16 Junie, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 8 Junie: Di WJM (Willem) Breytenbach (63) (Hazyview/Sabie/Witrivier) en RC (Marina) Kok-Pretorius (28) (Potchefstroom)
  - Vrydag 9 Junie: Ds JJ (Kotie) Mc Donald (65) (Turffontein)
  - Dinsdag 13 Junie: Prof MJ du P (Bieks) Beukes (82) (emeritus)
  - Woensdag 14 Junie: Ds GFJ (Gert) Beukes (67) (emeritus/Coligny)
  - Donderdag 15 Junie: Dr RA (Rudy) Denton (55) (Potchefstroom-Studente)
  - Vrydag 16 Junie: Dr JHL (Jan) Truter (61) (emeritus/Letsitele)

## Gemeentes en bediening



Dr Gerhard Lindeque



Ds Bouwer Serfontein

- **Dr GC (Gerhard) Lindeque** van Makarios (deeltyds) het die beroep na Kempten (deeltyds) bedank.

- **Ds DJB (Bouwer) Serfontein** aanvaar op 30 September 2023 emeritaat.

- Die uitvoerende bestuur van die **WGGK (World Communion of Reformed Churches)** het 'n **boodskap** gestuur aan die leiers in hul lidkerke, na afloop van hul vergadering in Mei in Suid-Afrika. Daarin bedank hulle die lidkerke vir hul gasvryheid, en noem dat hulle kennis geneem het van Suid-Afrika se voortgesette uitdagings, onder meer die behoefte om ons jeug op te lei, die verlies van ervare mense wat emigreer, geweld vanweë ongelykheid, en die korrupsie op alle vlakke van regering. Hulle benadruk dat hulle egter ook geïnspireer is deur hul besoek aan Konstitusieheuwel, waar gevangenes gedurende apartheid in onmenslike toestande aangehou is, maar waar Suid-Afrikaners se toewyding om gelykheid teweeg te bring, nou in die Konstitusionele Hof beslag kry. Hulle doen ook die volgende **beroep aan die lidkerke**: *We call on our Communion members to proclaim and demonstrate how the gospel of Jesus Christ transforms us when we engage with God's mission in contexts of crisis, giving hope to the world by humble and honest discernment, by fearless witness, and by boldly practicing justice.*

- **Gemeente Laer Suidkus** word **50 jaar oud** op 17 Junie vanjaar. Die geleentheid word gevier oor die langnaweek van 16 tot 18 Junie. Op **16 Junie** vanaf 12:00 word 'n **spitbraai** gehou op die kerkterrein te Scottstraat 3, Port Shepstone. Op **18 Junie** om 09:30 word 'n **dankdiens** gehou in die kerkgebou, en na afloop van die erediens word 'n vingerete aangebied. Oudlidmate en ander belangstellendes wat die geleenthede wil bywoon, moet asseblief skakel met ds Jacques Pieterse by 082 458 4482.

- **Werkruimte vir voltydse bediening: Gemeente van der Hoff.** Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om die werkruimte te vul.

  **Gemeente:** Van der Hoff openbaar 'n kopspiritualiteit; dit wil sê, die gemeente ervaar God

deur hul intellek, rede en geloofsoortuiging. Daarteenoor het die meerderheid lidmate 'n hartspiritualiteit by hulself geëvalueer; dit wil sê, die lidmate ervaar God deur hul emosies, warmte, en persoonlike verhoudings. Die gemeente is gereed vir groei en sal veral wil fokus op 'n herontdekking van hul roeping. Die gemeente is 90 jaar oud. Die gemiddelde ouderdom van die gemeente se 497 belydende lidmate en 141 dooplidmate is 42 jaar. Van der Hoff funksioneer as 'n pastorale gemeente.

Die gemeente se kerkgebou is in Groblersdal (hv Cheetah- en Springbokstraat). Die pastorie is op dieselfde terrein as die kerkgebou. Die lidmate woon in en om die dorp. Kontak met die lidmate en huisbesoek is baie belangrik.

Pligte soos in die Kerkorde, moet uitgevoer word. Die riglyne vir 'n volversorgde standplaas, soos voorgestel deur die Sinodale Dienssentrum, word gevolg.

**Leraarsprofiel:** Die leraar moet lief wees vir die Here en sy kudde. Die Hervormde identiteit en etos is vir die gemeente baie belangrik.

**Aansoeke sluit op 30 Junie 2023.** Aansoeke moet vergesel wees van 'n CV wat 'n kort verslag van die afgelope drie jaar se VBO-krediete insluit. Met ontvangs van die CV sal 'n vraelys aan u gestuur word. Die vraelys moet eerlik en sorgvuldig ingevul word. Alle korrespondensie word aan die skriba, Johan Lindeque, gerig (082 567 2577 / **johanlind@absamail.co.za**). Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie.

- **Gemeente Philadelphia** het 'n vakature vir 'n **terreinbestuurder**. Die pos is vanaf 1 Junie 2023 beskikbaar. Belangstellendes kan 'n e-pos stuur aan dr Sanrie de Beer by **nhkphiladelphia@gmail.com**.

- **Gemeente Naboomspruit: Vakante pos vir voltydse orrelis.** Belangstellendes kan hul CV stuur na **nedhervkerknbs@gmail.com** of Marlene kontak by 014 743 1325 tydens kantoorure (08:00-13:00). Die voordele sal met die kandidate bespreek word. Die kerkgebou is op die hoek van Vyfdelaan en Nelson Mandelarylaan in Naboomspruit.

- Ds Carel Johann de Bruin by die **SP Engelbrecht-museum** is op soek na 'n **vrywillige helper** om soggens of in die namiddag binne-in uitstalkaste te help skoonmaak. Dis delikate werk, en die persoon moet verkieslik iemand wees wat 'n passie het vir geskiedkundige voorwerpe. Kontak ds De Bruin 082 733 3951.

## Vergaderings

- Donderdag 8 Junie: Kommissie van die AKV
- Vrydag 9 Junie: Kommissie van die AKV
- Donderdag 15 Junie: Rata Finkom

## 'n Gedig

Dis 'n rigtinglose bootjie.
Dis 'n matelose see.
Met sy storms
en sy stiltes
wieg ons
met hom mee.
Êrens in die skemerte
is 'n nuwe strand.
Wat lê daar en wag
in dié onbekende land?

**Philip de Vos**
(Uit: *Môre en gistraand en die einde van die maand*, 2022)

## Kerklike publikasies




- Ons lui die **Junie 2023-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** in met hoogtepunte van die *Nasionale NHSV Kongres* wat plaasvind van 23 tot 25 Junie 2023. **Ds Schalk Zastron,** predikant in Gemeente Ermelo, deel met ons die passie vir musiek van hul sanggroep *OhYesLet's* wat tydens die NHSV Kongres gaan optree. **Mev Mari-lizé Beukes,** voorsitter NHSV Hoofbestuur, vertel hoe die NHSV *pay it forward*-aksie van toepassing is op NHSV Studielenings vir die toekoms. **Elmien Botha** skyn die kollig op die probleme en eensaamheid van bejaardes met haar artikel oor die *Tooi Turkoois*-bewusmakingsveldtog wat strek van 15 Mei tot 15 Junie. **Ds Carel Johann de Bruin,** kurator SP Engelbrecht-museum, sluit af met mev Grace Grobler, eggenote van emeritus ds GPJ Grobler, se vertelling oor Gemeente Dordrecht se kanselkleed in *Die kanselkleed (Deel 5).* Volg die skakel na ons NHSV publikasies **https://nhsv.org.za/publikasies/**.

## Toerusting

- Ouderlinge kan gerus die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se webtuiste** besoek. Gaan na **https://hervormdeteologie.co.za/ouderlinge/** vir inligting oor **gevorderde toerusting vir ouderlinge**. Tans verskyn daar reeds YouTube-skakels, PowerPoint-aanbiedings en Word-dokumente van Module I – *Die fasilitering van 'n erediens* **(ds Hannes van der Merwe)**; en Module II – *Hoe berei predikante preke voor* **(dr Gerhard Nel)**. **Prof Stephan de Beer** se aanbieding van 29 Mei, *Hoe om jou gemeenskap beter te verstaan*, is ook daar beskikbaar. Laasgenoemde kan ook direk by **https://youtu.be/TnQNNDxzmP4** afgelaai word.




- 'n Opname van die aanbieding ***The Millennial Narrative*** wat op 23 Mei plaasgevind het, is ***hier*** beskikbaar. Skakel met drr Pierre Jacobs, Frikkie Labuschagne en André Ungerer vir voortgesette gesprekke.

- **Seminaar: Prof Dennis Olson**
  **Dinsdag 20 Junie 2023 van 09:00 tot 13:45**
  *Preaching the Old Testament in a Christian church*
  R150 (sluit verversings in)
  NGK Stellastraat (hv Olivier- en Stellastraat, Brooklyn)
  **Navrae:**
  Lance Thomas: **lance.thomas@up.ac.za**
  Rika: **excelsus@up.ac.za**

- Die jaarlikse internasionale byeenkoms van die **Society of Biblical Literature (SBL)** vind van **3 tot 7 Julie 2023** plaas by die **Universiteit van Pretoria**. Die SBL Internasionale Vergadering vind jaarliks buite Noord-Amerika plaas. Gaan na **https://www.sbl-site.org/meetings/Internationalmeeting.aspx** of **https://www.sbl-site.org/meetings/Congresses_ProgramBook.aspx?MeetingId=42** vir meer inligting en om te registreer.

- **Akademia** se eerste jaarlikse **Teologie- en Filosofie-konferensie** vind van **Donderdag 13 tot Saterdag 15 Julie 2023** plaas, daagliks van 08:00 tot 21:00, by Koningprotea en Hemingways, Leriba, Endstraat 245, Clubview, Centurion. Rig navrae aan dr Daniël Maritz by **danielm@akademia.ac.za**.

## Studentesake



- Vierdejaar teologiestudent **Helga du Plessis** laat weet soos volg: Op Saterdag 27 Mei het **ses studente van Van der Hoff** (Teologiese Studentevereniging van die NHKA) die voorreg gehad om saam met Gemeente Sionspoort se diakonie uit te reik na die Grace House Upliftment Centre in Krugersdorp, en ook ander skuilings vir haweloses, en 'n hand te verleen. Vir ons as studente was dit 'n dag vol liefde, seer, hartseer, hoop en genade. Eerstehands kon ons ervaring opdoen en deel in soveel mense se stories. Ons het beleef hoe die Here die bietjie wat ons gehad het, vermeerder het en dit genoeg kon maak vir sy werk. Van der Hoff is opreg dankbaar vir die veilige spasie waarin Sionspoort se diakens ons begelei het, en ook so vir elkeen wat 'n bydrae gemaak het (met hulp en donasies). Ons kon twee etes voorberei en aan die behoeftiges bedien, 'n straatstort aan hulle bied, hare sny en versorg met die hulp van ervare haarkappers, saam met hulle bid en berading doen, en ook leer hoe die skuilings funksioneer. Die hele dag se ervaring kan opgesom word met 2 Korintiërs 12: 9 (dieselfde teks wat in die ingangsportaal van Grace House hang): *Sy antwoord was: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is."* **Op die foto** (van links na regs): Anushke Muller, Helga du Plessis, Drian Cockeran, At Hattingh, Tanya Maartens en Kharla Guest.

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Barmhartigheid

- **Ons Tuis: Seniorstuis Dienssentrum** beskik tans oor 'n vakature vir 'n **Administratiewe Beampte.** Die **posvereistes** is goeie kommunikasievaardighede en ondervinding in die veld van bejaardesorg. Die geskikte kandidaat moet beskik oor goeie rekenaarvaardigheid en sterk administatiewe en organisatoriese eienskappe.

  Die **verantwoordelikhede** is die dag-tot-dag-administrasie van die Dienssentrum wat die volgende behels:
  - Algemene kantooradministrasie en korrespondensie.
  - Persoonlike en telefoniese skakeling met inwoners en lede van die Dienssentrum.
  - Ontvangs en uitstuur van e-posse.
  - Antwoord van die telefoon.
  - Rekenkundige boekhoustelsel.

  Die salaris is onderhandelbaar, met normale diensvoorwaardes. Stuur CV aan Gerald van Rensburg, e-pos **hf@otmt.org**. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 13 Junie 2023.** Indien u geen terugvoer binne twee weke van ons ontvang nie, beteken dit dat u nie suksesvol was met u aansoek nie.

- **Vakature vir ’n Administratiewe Klerk.** Die NWO Samewerkingsgroep van die NHKA fokus op kinderbeskerming en dienslewering aan die gemeenskap vanuit ’n Christelike etos. Is jy ’n dinamiese persoon wat onafhanklik kan werk, met ’n passie vir administrasie en dienslewering? Meet jou ervaring aan die onderstaande vereistes en doen aansoek indien hierdie die posisie is vir jou.

  Kontrakposisie: 40 ure per week.
  Salarisskaal tot R120 000 per jaar (pakket).
  Salaris word bepaal deur jare ondervinding en vaardigheidsvlak.
  Kantore in Derdepoort en Montana.

  **Minimumvereistes**
  - Graad 12.
  - Rekenaarvaardig met sterk fokus op Excel, tabelle, Outlook, Google Drive en Microsoft Office 365.
  - Geldige bestuurslisensie en betroubare vervoer na kantore in Derdepoort en Montana.

  **Sleutelvaardighede**
  - Akkurate invoer en verwerking van data.
  - Minimum een jaar ondervinding van kantooradministrasie.
  - Sterk verbale en geskrewe kommunikasievaardighede.
  - Vermoë om by sperdatums te hou, spanning effektief te bestuur en effektief onder hoë druk te funksioneer.
  - Beplanning en organisering.
  - Noukeurige navolging van instruksies en prosedures.
  - Vermoë om onafhanklik te funksioneer en prioriteite te stel.
  - Werk in ’n omgewing wat streng vertroulikheid vereis.
  - Boekhou- of sekretariële kwalifikasie met ervaring in Pastel sal voorkeur geniet.

  Aansoekvorm kan aangevra word by **info@rata.org.za. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 19 Junie 2023.** Aansoeke wat nie aan die minimumvereistes voldoen nie, sal nie oorweeg word nie. Indien geen terugvoer teen 30 Junie 2023 ontvang is nie, aanvaar asseblief dat die aansoek onsuksesvol was.

- Gemeentes en lidmate wat **vrywillige bydraes aan Rata Maatskaplike Dienste** wil maak om hulle by te staan terwyl hul kontantvloei tans onder groot druk verkeer, kan dit in die volgende rekening inbetaal:

  **Instansie:** ABSA
  **Rekeningnaam**: Rata Maatskaplike Dienste
  **Rekeningnommer**: 002 060 0209
  **Takkode**: 632 005

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgings-

fasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit enkel-, eenslaapkamer-, 1½-slaapkamer- en tweeslaapkamerwoonstelle. Kontak Salomie Stolz by 012 329 4318 / 083 308 0520 vir meer inligting en pryse.

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Hartebeestpoort (Brits): Bergfietswedren 5 Augustus**
  Keuse van 3 afstande: 36 km, 91 km,156 km
  Plek: Brits-vliegveld
  Tyd: Begin om 07:00
  Aanlyn inskrywings kan gedoen word
  As voor 30 Junie ingeskryf word, is die inskrywings R100 goedkoper
  Tydhouers van buite af en kontantpryse
  **Navrae:**
  Ds Corlien van der Merwe 083 654 8154
  Eliska by Hartebeestpoort-kerkkantoor 012 252 4315
  Michiel Ras 072 605 1393
  Mias van der Merwe 083 320 2466
  **Webwerf vir meer inligting en inskrywings:**
  **https://bosveldmtb.nhkhartebeestpoort.org.za/**
  Ook onder "Bike Hub"
  Of soek op webwerf vir "Bosveldmtb"

- Daar is 'n **geleentheid vir 'n gemeente of individu** om by die nuwe **Centurion Boeremark op Saterdae** pannekoek en/of *jaffles* te verkoop. 'n Stalletjie kos R250 per Saterdag. Deposito R250 eenmalig en sertifikaat van Tshwane vir kosverkope eenmalig R920. Kontak Christo Potgieter by 072 737 3644.

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

Ons Vader,
ons bid vir vrede in ons geliefde land.
Mag deernis en begrip seëvier oor haat en geweld.
Leer ons leiers, Here,
om ons mense te verenig,
sodat almal in hierdie land saam kan werk
aan ’n gemeenskap
wat onpartydig, regverdig en vreedsaam is.
Ons vra dit in die Naam van u Seun,
Jesus Christus.
Amen.

avepray.com/prayers

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)



Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk